


# Befondsing en Finansiële Oorsig

**As 'n eksplorasie- en mynontwikkelingsmaatskappy met geen inkomste nie, moet Orion voortdurend geld van aandeelhouers en kapitaalmarkte insamel om sy aktiwiteite te finansier en sy projekte te bevorder. In Junie 2022 het Orion nog 'n rondte fondsinsameling begin wat daarop gemik is om $20 miljoen in drie dele in te samel, sodat Orion sy myn- en metaalraffinadery-ontwikkelingsprojekte kan vorder.**

Hierdie geld sal belangrik wees (saam met die $87 miljoen waartoe ooreengekom is in 'n nie-bindende termyn blad vroeër in Mei 2022), as die grondslag vir die ontwikkeling van die Prieska Koper Sink Myn. Ten spyte van ongunstige marktoestande, is Orion verheug om in kennis te stel dat Orion vaste verpligtinge vir $6 miljoen van die eerste twee gedeeltes ontvang het en dat die derde gedeelte na verwagting sal sluit in Augustus 2022.

Die onlangse wêreldwye resessie en gepaardgaande daling in metaalpryse (insluitend koper) en kommer oor hoë inflasiekoerse wat wêreldwyd ervaar word, het daartoe gelei dat sommige van ons potensiële beleggers meer tyd nodig het om beter te verstaan wat die kapitaalmarkte doen voordat hulle tot nuwe/deurlopende beleggings verbind word. Dit het Orion se beplande fondsinsamelingstydlyne beïnvloed en vereis dat maatskappybesteding gefokus word op aktiwiteite wat projekte vorentoe laat beweeg terwyl die fondsinsamelingsproses voltooi word. Ons is bly om daarop te let dat die metaalpryse die afgelope twee weke 'n positiewe neiging tot herstel getoon het, wat bemoedigend is vir vroeë sluiting van befondsing.

> *"Ons bly jou ondersteuning waardeer terwyl ons hierdie projekte voorberei vir die gesamentlike sukses van alle belanghebbendes in die nabye toekoms."*

Orion Minerals

## Op die kort termyn bly Orion se hooffokus om:

- die Prieska Koper Sink Myn voor te berei om met mynontwatering te begin
  - die gasheergemeenskap voor te berei vir die toekomstige mynontwikkeling
  - ondersoeke te voltooi na 'n plan om die begin van mynproduksie by die projek te vervroeg
- die uitvoerbaarheidstudie te bevorder in verhouding met die Okiep Koper Projek; en
- die toetswerk te bevorder in verhouding met die metaaldamptegnologie wat 'n battery metale raffinadery moontlik kan maak vir die Jacomynspan nikkel-koper-kobalt PGE-projek, ons derde sleutelprojek in die Noord-Kaap.

Die verhoogde fokus van ons besteding op geselekteerde sleutelaktiwiteite sal sommige van ons korttermyn-verkrygingskedules beïnvloed, alhoewel ons nog sal voortgaan met noodsaaklike inisiatiewe rondom vaardigheidsontwikkeling en opleiding op die toepaslike skaal. Ons sal ook voortgaan om enige veranderinge te kommunikeer aan diegene wat direk geraak word, deur hierdie nuus briewe, ons gemeenskaps- en sosiale ontwikkelingsbeamptes en deur die Belanghebbende-betrokkenheidsforums. Ons bly jou ondersteuning waardeer terwyl ons hierdie projekte voorberei vir die gesamentlike sukses van alle belanghebbendes in die nabye toekoms.

**Die volgende Siyathemba 'Bosberaad'-taakspansessie is geskeduleer vir 3 Augustus 2022. Spanlede sal die gedetailleerde PCZM-verkrygingsinligting wat in Julie verskaf was en verdere vorderingsbeplanning vir moontlike vroeë opleidingsgeleenthede ontpak.**

